# Kleredrag vir vroue volgens Skrif

## Skrif is baie duidelik dat vroue kuis en ordentlik sal aantrek:

1 *Timotheos* 2 [9]So ook moet die vroue hulleself versier met fatsoenlike, kuis klere. In skugterheid en fatsoenlikheid sal hulle versiering wees, nie in vlegsels of goud of pêrels of in mooi klere nie, [10]maar in goeie dade, soos dit by vroue pas wat bely om *Elohim* te aanbid.

## Innerlike skoonheid is wat werklik belangrik is:

1 *Kefa* 3 [3]Julle versiering moenie uiterlik wees nie: vlegsels in julle hare, juweliersware van goud of fyn klere nie, [4]maar wees versier in die geheime van die gedagtes, wil en emosie van die mens, in die onverganklike versiering van ’n nederige gees wat baie kosbaar is voor *Elohim*, [5]want net só het ook die afgesonderde vroue, wat ’n versekerde verwagting in *Elohim* gehad het, vroeër hulleself versier en hulle was gehoorsaam aan hulle eie mans, [6]soos wat *Sarah* gehoorsaam was aan *Avraham* en hom ‘my meester’ genoem het, wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen bedreiging vrees nie.

## Trek aan vir die geleentheid:

*D’varim* 22 [5]’n Vrou mag nie mansklere dra nie en ’n man mag geen vrouensklere aantrek nie, want wie dit ook al doen, is vir יהוה, jou *Elohim*, verwerplik.

## ‘n Vrou sal oordeelkundig aantrek:

*Mishlei* 11 [22]Soos ’n goue ring in ’n vark se snoet, so is ’n mooi vrou sonder goeie oordeel.

## Krag en deug is die wagwoord van ‘n eerbare vrou:

*Mishlei* 31 [25]Sterkte en eer is haar klere en sy sal haar verheug in die tyd wat kom.

## Algemene optrede:

Romeine 12 [1]My broers, daarom smeek ek julle, deur die guns van *Elohim* dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir *Elohim*; dit is julle logiese dienswerk [2]en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van *Elohim* is.

1 Korinthiërs 6 [19]Of weet julle nie dat julle liggaam ’n tempel van die Gees wat Afgesonderd is, wat in julle bly, wat julle van *Elohim* gekry het, is nie? Julle behoort nie aan julleself nie, [20]want julle is gekoop vir ’n prys. Bring daarom eer, lof en aanbidding aan *Elohim* in julle liggaam en in julle gees wat aan *Elohim* behoort.

Vergelyk ook:
*Mishlei* 1:9; *Mishlei* 31:30; *Tehilim* 4:6; 1 *Kefa* 2:5; *Yochanan* 2:21

Alle Skrifgedeeltes geneem uit PWL (2025): www.padwlewe.co.za . Let wel dat ‘God’ telkens vervang word met ‘*Elohim*’, soos in die oorspronklike Hebreeuse bronteks.

**Hein Zentgraf**
theway146@silvertrumpet.net

26 *Cheshvan* 5779 / 4 November 2018
Hersien: 19 *Sh'vat* 5780 / 14 Februarie 2020
Hersien: 5 *Elul* 5783 / 22 Augustus 2023
Aangepas: 18, maand 5, 5786 / 31 Julie 2026